

# 'N HEERLIKE KAMP OM 2025 MEE AF TE SLUIT

## DEUR SUZANNE VAN DEVENTER

Na maande se beplan, besin en herbesin het ons Kinderkamp begin op 8 Desember op n bewolkte Maandag oggend.  Groot opgewondenheid het geheers by NHK Montana waar ons vir die bus gewag het.  Kinders en ouers het mekaar gegroet, die ouers met n tikkie dankbaarheid omrede hulle n week het om te ontspan en tyd aan hulle self te spandeer.

Stiptelik om 08h30 het ons luukse bus gearriveer en kon ons vinnig-vinnig pak, soos hulle se, vele hande ligte werk, ons is nou-nou klaar.  Ek se luuks omrede ons die goedkoper opsie bespreek het met geen lugversorging maar kry toe n bus met lugversorging, "bloutand" opvangs en n bus oom wat nie bang is vir  uitbundige kinders in sy midde nie.  So met die wolke wat swaar hang in die agtergrond groet ons Pretoria en pak die pad Koster toe aan!












## SLAAP, SPEEL, WERK, SWEM, EET, HERHAAL

Met opregte dankbaarheid kyk ons terug na ons Desember-kinderkamp wat van 8 tot 12 Desember 2025 by die Grysduiker Kampterrein plaasgevind het.
Herdie vyf dae was gevul met leer, lag, geloof en groei – en dit sou eenvoudig nie moontlik gewees het sonder die ruim ondersteuning van ons donateurs, gemeentes, individue en besighede nie.

Die kamp het 'n besondere afsluiting van 2025 gevorm, maar ook 'n belangrike voorbereiding vir 2026 en ons jaartema: "Klein hande, groot drome." Gedurende die kamp is daar doelbewus ruimte geskep waar kinders kon droom, leer en hul potensiaal begin ontdek – met ondersteuning en leiding elke tree van die pad.



## SLAAP, SPEEL, WERK, SWEM, EET, HERHAAL

Tydens die kamp is daar gespeel, geswem, gewerk en natuurlik hope pret gehad.

Aktiwiteite soos 'n nagmars, waterspeletjies, 'n opwindende skattejag, sokkie-aand en 'n betekenisvolle Kerssangdiens het vir groot opgewondenheid gesorg.

Elke oggend is op 'n rustige en gepaste wyse begin met stiltetyd saam met die kinders, waar hulle die dag met fokus, geloof en hoop kon aanpak.

Eet was ook 'n groot deel van die lekkerte! Met oorvloed en sorg voorberei, het niemand ooit met 'n honger magie rondgeloop nie. Die gedeelde etes het nie net liggame gevoed nie, maar ook verhoudings versterk en herinneringe geskep.

Ons maatskaplike werkers het interaktiewe groepsessies aangebied waar belangrike lewensvaardighede soos nie-verbale kommunikasie, luistervaardighede, spanwerk en effektiewe kommunikasie hanteer is. Hierdie vaardighede is prakties ingeoefen tydens spesifieke oefeninge wat die kinders by die literiabaan moes toepas – 'n waardevolle leerervaring wat goed aansluit by ons fokus op ontwikkeling en groei.

Spesiale aandag is ook aan ons skoolverlaters gegee. Hulle het geleer oor die belangrikheid van 'n goeie begroting, hoe om maaltye te beplan, CV's op te stel en hulself voor te berei vir werksonderhoude. Hierdie vaardighede vorm deel van ons verbintenis om kinders te help om hul groot drome met selfvertroue en praktiese kennis na te jaag







## SLAAP, SPEEL, WERK, SWEM, EET, HERHAAL

Daar was genoeg tyd vir speel en 'n bietjie kattekwaad, en soos dit dikwels gebeur wanneer daar soveel gebeur, het die vyf dae letterlik verbygevlieg.

'n Besonderse woord van dank gaan aan ons span studente en junior studente – waarvan ses oud-pleegkinders was. Julle entoesiasme, spangees en energie het nie net die kamp verryk nie, maar ook vir ons kinders gewys dat groot drome wel moontlik is.

Sedert 1924
DPS Pleegsorg
Glo, Stabiliseer, Ontwikkel















SLAAP, SPEEL, WERK, SWEM, EET, HERHAAL

Aan elke gemeente, individu en besigheid wat hierdie kamp moontlik gemaak het: dankie. Julle bydraes het 'n direkte verskil gemaak en help ons om 2026 met hoop, visie en verwagting aan te pak. Saam help ons klein hande om groot drome te bou – een kind op 'n slag.



Sedert 1924
DPS Pleegsorg
Glo, Stabiliseer, Ontwikkel
















DPS Pleegsorg
Sedert 1924
Glo, Stabiliseer, Ontwikkel














Sedert 1924
DPS Pleegsorg
Glo, Stabiliseer, Ontwikkel

















DPS Pleegsorg

Sedert 1924

Glo, Stabiliseer, Ontwikkel

# "Wanneer harte gee, word drome moontlik. Dankie dat julle weer en weer kies om 'n verskil te maak."



VOLG DIE SKAKELS NA ONS SOSIALE MEDIA

http://www.pleegsorg.org.za

https://www.facebook.com/dpshuise/